**VRYDAG 17 APRIL**

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 19 (OAV)**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 19:2, 8, 15; NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS ARTIKEL 2**

## Kyk, luister, lees – God openbaar Homself!

Ons beleef tans winteromstandighede. Ryp, sneeu en koue winde is tipiese wintereienskappe. Dan volg lente, somer en herfs, die een seisoen na die ander, jaar na jaar. Alles draai om die son (vs 5b-7).

Deur die soort waarneming van die natuur word daar 'n boodskap aan ons oorgedra: "Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande … daar is geen spraak en geen woorde nie – onhoorbaar is hulle stem" (vs 2, 4). Die natuur is vingerafdrukke van God. Selfs die magtige son waarna ons so verlang in wintertyd, het sy plek en taak aan God te danke. Dit is God se algemene openbaring.

Die natuuropenbaring is egter nie volledig nie. Ons moet nog die Skepper agter die skepping leer ken. Waar Dawid tot dusver van "God" gepraat het, praat hy vanaf vers 8 van "HERE" (Jahwe). Dit is die Naam van God wanneer sy verbond met sy volk ter sprake is. Wanneer God met sy verbondskind praat, doen Hy dit deur sy Wet (= Woord, Bybel, Skrif). Dit is God se besondere openbaring. Hierdie Woord is volmaak, seker, reg, rein, begeerlik en ewig. Hierdie Woord verkwik die siel, gee wysheid, verbly die hart, verlig die oë en waarsku.

God se verbondskinders moet met hierdie twee openbaringswyses, maar veral met die Woord, omgaan. Dawid besef deur sy omgang daarmee dat hy dikwels onbewustelik en bewustelik teenoor God oortree. Daarom bid hy: "Spreek my vry …!" (vs 13) en: "Hou u kneg terug van moedswillige sondes" (vs 14). Hy besef dat daar by God alleen vergifnis is.

God se Woord leer elders: God vergewe volkome ter wille van Christus. Uit dankbaarheid vra Dawid dat sy woorde en oordenkinge voor die Skepper en Verbondsgod aanneemlik sal wees. God se Woord leer ook: God rus ons toe met sy Heilige Gees.

*Sing: Psalm 19:1, 4, 7*
*Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)*